

**26 Mei**

**Skrifgedeelte: Eksodus 18 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Eksodus 18:8-12**

### **Jetro en die pinksterverwagting**

In hoofstuk 17 lees van ons van die stryd tussen Israel en die heidendom (Midianiete). Behalwe stryd is daar egter ook pinksterverwagting. Heidene sal ook na die God van Israel kom om saam met die nageslag van Abraham voor Hom neer te buig. Daar is menslikerwys meer redes vir Jetro om Moses aan te val as wat die Midianiete sou hê om Moses aan te val. Moses het sy vrou en kinders sondermeer na Jetro teruggestuur. Hy het ook nie aan sy skoonvader enigiets vermeld van God wat hom geroep het om die Israeliete uit Kanaän uit te lei nie. Soos Amalek, het Jetro ook gehoor wat God aan Moses en Israel gedoen het. God het Jetro teruggehou maar die Amalekiete oorgegee aan die vyandskap waarin hulle van nature was. Die Skrif is duidelik dat Jetro se optrede teenoor Moses uit God was.

Moses het aan Jetro vertel wat die Here ter wille van die Israeliete aan Farao en die Egiptenare gedoen het, asook hoe die Here Israel verlos het. Dit was prediking van gerig en genade. Toe Jetro dit alles hoor, het hy hom verheug en die Here geprys. 'n Krapperige familieverhouding verander in 'n wonderlike geloofsgemeenskap.

Ons het as profete die roeping om die boodskap van God se gerig en genade ook helder en duidelik aan die heidene om ons te bring. In Jesus Christus word dit die Blye Boodskap van God se gerig wat, vanweë ons sondes, op Hom gekom het. Deur God se genade is ons nou verlos van sy toorn en moet ons Hom in ware geloofsgemeenskap met dankbaarheid loof en prys.

Sing: Psalm 22:2

Ds SA Cilliers (Waterberg)